

# WYKSBYEENKOMS

6 Augustus 2017



## Waarna honger jy?

Plek:.....

Tyd:.....

Datum:.....

### **ONDERLINGE SORG:**

- *Gee vir die groep kans om binne 1 minuut soveel as moontlik dinge neer te skryf waarvoor hy/sy dankbaar is. Laat elkeen in die groep na die tyd sê wat op hulle lysie staan.*
- *Deel met mekaar wat die dinge is wat julle op die oomblik hartseer maak (in julle gesinne, dorp, land en wêreld).*
- *Is daar enige nuwe intrekkers waarvan julle weet? Het julle al kontak gemaak en hulle genooi na julle byeenkoms? Gee hulle inligting deur aan die groepleier sodat die kerkkantoor kan kontak maak.*

### **AANBIDDING:**

- *Raak stil en laat iemand die woorde van Psalm 17:6 drie keer na mekaar rustig lees. Raak bewus daarvan dat jy nou in die Here se teenwoordigheid is. Hy sien jou en Hy hoor jou gebede. Dink vir 'n oomblik hieroor na. Hoe laat hierdie wete jou nou voel?*
- *Gee geleentheid vir gebed. Waarvoor wil julle vir die Here dankie sê? Wat is daar wat julle van die Here wil vra? Wie is daar wat julle wil opdra aan die Here?*

### **AGTERGROND:**

*Matteus sluit met die "Groot Gebod" af (Matt 28:16-20). Hierdie "sendingopdrag" versterk die missionale karakter van Matteus.*

*Koninkrykstyd is dan ook 'n tyd in die kerklike jaar, wanneer ons juis meer nadink oor die missionale roeping (gestuurdheid) van die kerk waardeur God se eie Missio (sending) voltooi word. David Bosch beskryf Matteus se missionale inslag as "Mission as Disciple-making". Koninkrykstyd, wat juis in sy herinnering en nadenke op die "tyd van die kerk" ná Christus fokus, dit wil sê op die vrug van die verlossingswerk van Jesus Christus, dra daarom ook in besonder die karakter van die voortgaande sending van God deur die Heilige Gees. In hierdie seisoen word dus wel oor die lewe en werk van Jesus gelees en nagedink, maar die voortgesette bediening van Christus in die krag van die Gees word veral gevier en beleef.*

*Wanneer ons tydens hierdie byeenkoms die bekende verhaal gaan lees oor die vermeerdering van die brood, sou dit goed wees om in gedagte te hou dat Jesus voortdurend as gestuurde van sy Vader handel en ons innooi om as gestuurdes van Hom te gaan leef in die wêreld, onder leiding van die Gees.*

## BYBELSTUDIE:

1. *In die Skrifdeel vaar Jesus na 'n stil plek om alleen te wees. Hy wou treur. Volgens vers 12 het sy dissipels Hom kom vertel van Johannes se dood. Selfs in sy hartseer word Hy nie alleen gelos nie. Tog is sy reaksie nie een van irritasie toe die skare Hom volg nie, maar van deernis. Uit sy deernis voed Hy honger mans, vroue en kinders.*

### *Lees Matteus 14:13-21*

2. *Lees die gedeelte weer op jou eie deur. Maak 'n aantekening van die woord, gedagte, beeld of vraag wat in jou gedagtes opduik. Deel met die groep wat julle gehoor het in die gedeelte.*
3. *Adrienne Rich het geskryf: "The decision to feed the world is the real decision." Hoe funksioneer maaltye en voeding in julle groep se program? Waarvan dink julle is dit 'n getuienis?*
4. *Ons bely dat die diens van barmhartigheid by die nagmaalstafel begin. Dit is daar waar God ons voed met sy goedheid en guns. Hoe dink jy nooi Jesus ons in die nagmaal uit om oophand te leef?*
5. *Miskien is dit juis uit Jesus se eie hartseer vir Johannes dat sy hart oopgaan vir ander se nood. Hoe meer ons bewus word van ons eie gebrokenheid hoe meer sien ons ander se gebrokenheid raak. So kan ons steeds meer onself in 'n ander se skoene plaas. Gesels oor gebrokenheid as 'n manier om ander te dien. (dink byvoorbeeld aan Jesus se eie lewe)*
6. *Soms neig ons om die geestelike en die fisiese / liggaamlike / konkrete te wil skei. Ons wil mense help met hulle geloof, maar ignoreer die strukturele onreg en fisiese lyding. Die vleesgeworde Jesus gee om vir die vlees. Jesus word kwaad as mense ly deur onreg. Hy verhard nie sy hart teenoor dié wat Hom opsoek nie. Dink na oor die integrasie en verweefdheid van die geestelike en die fisiese aspekte van julle bestaan.*
7. *Raak prakties. Hoe kan julle die nood en onreg in julle gemeenskap aanspreek? Watter geleenthede bestaan reeds waarby julle kan aansluit om "die wat honger is te voed"? Kan julle aan nog maniere dink? Wil julle as groep dit nie waag om iewers prakties uit te reik (bv. die sopkombuis in Kylemore, by Straatlig of een van die voorstelle wat in die groep gemaak is nie?)*

## INTEGRASIE EN DIENS:

*In Koninkrykstyde verlang ons om soos Jesus te leef in ons wêreld. Dit begin nie noodwendig by die doen van dinge nie, maar eerder die ingesteldheid teenoor mense.*

*Hoe kweek ons deernis in ons harte vir ander in nood? Miskien deur meer bewus te wees van God se deernis - doen goed, want God is goed.*

*Dalk moet ons ook eerder fokus om saam met ander te huil, eerder as om hulle te veroordeel*

*Mag ons oë oop wees om die onreg en honger in die wêreld raak te sien.  
Mag ons die waagmoed hê om daarteen op te staan en dit aan die lig te bring.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei -  
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.  
k wil u lig in duisternis laat skyn.  
Laat ware vreugde altyd uit my straal.  
O Heer, help my om altyd so te leef -  
om ander hoër as myself te ag.  
Ja, om lief te hê - ander bo myself -  
en ook eerder te gee as te verwag.

Amen!

(Lied 284 vers 2)

